NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

11 September 2020: Nr 28/2020

Warm nuus

- **Lentekonferensie: *14-18 September***
  Die konferensie word volledig aanlyn (per Zoom) aangebied.
  * **Kliek op www.excelsus.org.za** vir die **brosjure** en **inskrywingsvorm**.
  * **LW Inskrywings sluit** môre (Vrydag ***11 September om 12:00***)
  * **Navrae:** Kontak vir Rika by excelsus@up.ac.za

Belangrike inligting:
- Almal wat ingeskryf en betaal het gaan die skakels per e-pos ontvang en kan tydens die week van die konferensie inskakel by enige van die sessies (sien program vir geskeduleerde tye).
- Indien jy nie die sessies (op die geskeduleerde tye in die program) gedurende die week kan inpas nie, kan jy steeds inskryf en *na afloop van die konferensie* toegang kry tot die opnames van al die sessies.
- Besoek die **sinode se facebookblad** vir deurlopende lusmakers, inligting oor verskeie sprekers ens.

Die drie **hoofsprekers** wat onderskeidelik op Maandag, Woensdag en Vrydag optree is:

Leon Wessels
Verleenthede kan geleenthede word
Maandag, 09:00 – 11:30

Kabous Meiring
Slegs met huistrots kan ek jou innooi
Woensdag, 09:00 – 11:15

Ivor Swartz
Die kuns van verlies
Vrydag, 09:30-12:00

Daar is talle **wegbreeksessies.** Een van die sprekers is **Graeme Codrington:**
* **Maandag 14 (11:45-13:00) -** *Same Planet, Different world – AC/DC: Life After / During Covid*.
* **Woensdag 16 (11:45-13:00) -** *Same Planet, Different world – Church in a Post-Covid World.*
* **Vrydag 18 (08:00-09:00) -** *Same Planet, Different world – Q & A with Graeme Cordington:* The third session in the series will be an interactive session, focused on the practical realities of church ministry in die 2020s.

Covid-19

- **Dokumente** - **Kliek hier** vir vorige dokumente;
- **Stories van Hoop** - **Kliek hier** vir vorige stories;

❖ **Wenke** - **Kliek hier** vir vorige wenke.

Besoek die **sinode se facebookblad** [**https://www.facebook.com/noordsin/**] vir deurlopende plasings van Gemeente-aktiwiteite en ander belangrike nuus.

Slyp jou beitels

❖ Excelsus

Besoek: www.excelsus.org.za / **Navrae**: Rika van Rensburg [excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]

1. Brugbediening

Datums: Week 1 – ***09-12 November 2020***; Week 2 – ***22-25 Februarie 2021***
Kursusleier: Prof Malan Nel
Kursuskoste: R2500
Plek: Universiteit van Pretoria
Kursus punte: 70
Kontak: Hesmarie Bosman, 012-420 4952 of epos: Hesmarie.Bosman@up.ac.za

2. Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word: *22 Februarie 2021*.

Die kursus word meestal by Stellastraatgemeente in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp gehou.
Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel.
Predikante kan **150 VBO-punte** verdien.
Aansoeke sluit *30 September 2020*.
Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding.
Navrae by Willem Nicol**,** wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

❖ VBO-Forum

Hierdie is 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes.
VBO-Forum het in die afgelope tyd verskeie **aanlyn kursusse** aangebied wat steeds toeganklik is.
Navrae: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of *Bridget Leibbrandt*, / bleibbrandt@sun.ac.za

* Indien jy op die Hugenote Kollege se platform *geregistreer* is, sou jy die kursusse gratis kon volg.
* Indien jy 'n *nuwe registrasie* is moet jy asseblief jou *naam en van, watter kursusse en epos-adres* aan hermien@noordsin.co.za deurstuur. Hierdie name sal 1x 'n week aan die Kollege gestuur word vir registrasie.

* *Liturgie vir ongekarteerde tye – Cas Wepener*
* *Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd – Jan-Albert van den Berg*
* *Netwerke vir nou – Erwin Schwella*
* *Teologie in die tyd van Covid-19 – Heerden van Niekerk*
* *Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT – James Kirkpatrick*
* *Covid-19 en die Ekonomie – Piet Naudé*
* *Pandemies: 'n Historiese Perspektief – André Bartlett*
* *Kerk en Covid-19 – Frederick Marais*
* *Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld) – André Bartlett*
* *Gendergeweld en Covid-19 – Verskeie sprekers*
* *In pas met die lewende God – Tom Smith e.a.*
* *Depressie by jongmense – Johan Laten*
* *Angry Much – James Kirkpatrick e.a.*

Sinodenuus

❖ Jakaranda Kinderhuis

Om meer oor die doen en late van die Jakaranda kinderhuis te wete te kom, besoek **www.jacarandachildren.co.za** of skakel hulle by 012-800 4700.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Willie (WPJ) van Wyk (emeritus), is op 6 September op die ouderdom van 78jaar oorlede. Hy was o.a. leraar van Waverley-Oos, Naboomspruit, Roedtan, asook PSD van Wes-Transvaal.

Moses Zulu (DRC Zambia, Lusaka) se ma is oorlede.

❖ Beroep/Bevestiging

Theo Oosthuyzen (van Luckhoff) het die beroep na **Marikana** aanvaar en word DV die tweede Sondag van Oktober bevestig.

❖ Excelsus: Vertel jou storie

Elke dominee / lidmaat het haar of sy eie biblioteek van diep snaakse stories van die bediening. Van dope tot troues tot huis- en hospitaal besoeke en begrafnisse - van preke, orreliste, oproepe en kloppe-aan-jou-deur. "Ek weet dis jou dag af dominee, maar ..." Stuur vir ons jou stories (soveel as wat jy wil) van tussen 500 en 1500 woorde (elk) - ons wil dit publiseer! Jou storie bring jou dalk net R10 000 in die sak!
* Stuur jou storie aan **hvdw13@gmail.com** voor ***31 November*** 2020.

❖ Verjaarsdagwense

17/09 Alta Swart [Magalieskruin, 082 356 8498, Alkmaar.swart@telkomsa.net]
20/09 Karien Pretorius [Kameeldrif, 012-808 1421, willem007@me.com]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Krokodilrivier [**Gestig**: 16/09/1914]
Bendorpark [**Gestig**: 20/09/1981]

❖ Universiteitsoord 60 jaar

Die gewone *Kaskarfees* moes ongelukkig plek maak vir 'n fees wat by die Corona-reëls hou.

- Daar is ook nog tyd om fiks te word vir die **RoadTrip Run** op ***3 Oktober***. Elkeen hardloop waar hy of sy is.

Gaan kyk by **www.universiteitsoord.co.za** vir meer inligting.

Ander nuus

❖ Vakatures

1. Hartbeespoort: Jeugbedienaar
Posbeskrywing kortliks: organisasie, mobilisering en geestelike begeleiding, in samewerking met die jeugleiers en mentors, van ons gemeente se drie Jeuggroepe nl: Voetekerk (2½ -6jr); Harties Juniors (Gr.1 -6) en Harties Seniors (Gr.7 – 11)
'n CV met die volgende word benodig: a. Persoonlike inligting; b. Kwalifikasie; c. Ervaring in jeugwerk.
Salaris: Volgens gemeenteskaal
Sluitingsdatum: Dinsdag ***15 September***
Stuur jou CV na: kantoor@hartiesng.org
Verder navrae: Ds. Johan de Wet: leraar@hartiesng.org / 082 446 5225

2. Kerkbode: Vakatures - Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

❖ Bybel-Media

1. Nuusbrief - Bybel-Media se jaarverslag belig 26 maniere waarop ons werk 'n wesenlike impak op mense se lewe sal maak en daartoe sal bydra dat hulle Jesus in hulle alledaagse lewe raaksien en met passie volg. Hierdie week fokus ons op #6 – Herdruk op aanvraag en #7 – E-media. **[Kliek hier…]**

2. Oktober-uitgawe van LiG
Die nuutste uitgawe van LiG tydskrif is vandeesweek landswyd beskikbaar. Lees oor Erica Wessels se dankbaarheid vir 'n nuwe seisoen na die woestynpad. Lesers deel hulle trauma-ervarings tydens COVID-19 en Hykie Berg vertel sy storie van die onsigbare oorlog wat volwassenes met ADHD moet veg.
Daar is ook nuttige wenke hoe om gesinstyd by jou huis te koester en hoe om 'n kreatiewe kruietuin te kweek.

3. Kerkbode - Hoogtepunte uit Kerkbode

Le Roux Schoeman, redakteur van Kerkbode, deel 'n paar stories wat tans impak maak.

Digiklesia: Vyf wenke om ten volle kerk te wees. Een ding wat die grendeltyd ons kom leer het, is om kritiese vrae te vra oor ons kerkwees. Maar kerk, weet ons, is baie meer as net 'n byeenkoms in 'n gebou. **Hier** is vyf maniere waarop ons aanlyn ten volle kerk kan wees.

Verlies – tyd om te rou: Verlies is 'n woord wat sinoniem geraak het met die COVID-19-inperkingstyd. Baie mense het hulle geliefdes aan die dood afgestaan of self die virus onder lede gehad, skryf Anriëtte de Ridder **hier.**

4. Spesiale voorverskyningsaanbod vir individue en Bybelstudiegroepe - Bestel **Uit die Beek 2021** voor *30 September* om dit teen die spesiale prys van R200 te ontvang.

Bybelstudiegroepe: Koop 5 dagboeke en kry die 6de een gratis! Jy betaal dus slegs R179,00 per boek. Bestel voor *30 September* om te verseker dat julle Uit die Beek 2021 teen hierdie uitstekende prys ontvang. [**Kliek hier**..]

Navrae: Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za,

Naskrif